## VAN STAMVERWANTE BODEM

'n Korrespondent van 'n Nederlandse dagblad het 'n tydjie gelede die argief van die Duitse Bondsrepubliek in Koblenz besoek en o.m. die volgende besonderhede meegedeel. Die *Bundesarchiv* het in 1952 begin en weliswaar onder die allerongunstigste omstandighede, aangesien die grootste gedeelte van die voormalige *Reichsarchiv* na heelwat awontuurlike omswerwings, weer na sy ou plek, Potsdam, teruggekeer het. Aangesien Potsdam onder Oos-Duitsland val, beteken dit dat dié gegewens oor die verlede vir Wes-Duitse argivarisse feitlik ontoeganklik is.

Deur Amerikaanse bombardemente het die argief van die voormalige Duitse Weermag in Potsdam verlore gegaan, waardeur al die belangrike dokumènte, teruggaande tot Frederick die Grote, vernietig is. Aangaande Hitler se Weermagdokumente, was die lot anders. Heelwat was nog nie na die argiefbewaarplek oorgeplaas nie en hierdie dokumente het gedeeltelik in Amerikaanse en Britse besit gekom. Sedert 1958 keer hierdie dokumente geleidelik na Duitsland terug en binne 'n paar jaar sal al hierdie argiefstukke vermoedelik weer in Duitse besit wees. Reeds het, aldus die skrywer van die artikel, 'n paar belangrike werke in Wes-Duitsland verskyn waarvan die inhoud op teruggestuurde argivalia gebaseer is. Hulle is: *Meldungen aus dem Reich* (Berigte uit die Ryk) en Werner Maser se werk oor die vroeë geskiedenis van die NSDAP. Tot betreklik kort gelede was belangrike boustowwe van lg. werk nog in Washington gehuisves.

Sedert 1952 is in Koblenz belangrike vordering gemaak. O.m. beskik die Bondsargief oor III rolprente wat in opdrag van die NSDAP vervaardig is en meer as 200 rolprente oor die voormalige Weermag. Daarby kan honderde plaatopnames met toesprake van Hitler, Goering en Goebbels e.a. gevoeg word. In die laaste dae van die oorlog is die toenmalige klankargief uit Muenchen verwyder, maar Amerikaanse soldate het 'n groot deel van die bandopnames gebuit, terwyl daar opnames begrawe is. Van al hierdie opnames is tans 'n groot gedeelte, wat herstel kon word, in Koblenz aanwesig.

Burgemeester H. A. J. M. van Koningsbruggen, in lewe burgemeester van Culemborg (Nederland) is op 21 Julie j.l. oorlede. Hy was iemand wat die waarde van die historiese bande tussen ons land en die geboortestad van Van Riebeeck terdeë besef het. O.m. het hy hom beywer vir die restourasie van die sg. Van Riebeeckhuis in Culemborg, waarvoor ook in ons land fondse ingesamel word.

By die uitgewer J. B. Wolters, Groningen, het die intreerede van prof. dr. E. H. Waterbolk, een van die opvolgers van prof. dr. jhr. P. J. van Winter, onder die titel *Een hond in het bad. Enige aspeecten van de verhouding tussen Erasmus en Agricola* (24 bl.) verskyn.

Van algemene en geskiedkundige waarde is die publikasie *Berlin* (66 bl.) waarin o.m. gekleurde afbeeldings voorkom met betrekking tot die kunsskatte in die Dahlem-museum (o.m. 26 werke van Rembrandt, die borsbeeld van koningin Nofretete), moderne kerklike argitektuur, die kasteel Charlottenburg, die beroemde Pargamonaltaar (in 1959 deur Rusland teruggegee) en die kasteel Bellevue, die Berlynse residensie van die president van die Bondsrepubliek. Hierdie publikasie is deur die *Verkehrsamt* van Berlyn uitgegee.

Die inhoud van die Bulletin van die *Rijksmuseum*, Amsterdam (jg. 14, afl. 1) is o.m. gewy aan die bespreking en beskrywing van 'n aantal Sjinese graffigure van die einde van die sewende of die begin van die agste eeu (drs. J. Fonteyn).

Dr. C. A. van Swigchem se proefskrif oor die Amsterdamse argitek en stadsboumeester, Abraham van der Hart (1747-1820), het by die Amsterdamse uitgewers Scheltema en Holkema N.V. verskyn (362 bl., met ruim 60 afb.). Na 'n historiese inleiding word die loopbaan van Van der Hart geskets, sy posisie as stedelike argitek

beskryf en sy opdragte behandel. Die tweede deel van die werk het o.m. betrekking op die kenmerke van Van der Hart se werke en 'n uitvoerige beskrywing daarvan. 'n Opsomming in Engels is aan die werk toegevoeg.

Belangrike historiese monumente van Den Haag, soos die Binnehof, die Jacobskerk, die ou stadhuis en die landgoed van Jacob Cats („Zorgvliet"), word uitvoerig beskryf en met outydse afbeeldings toegelig in 'n maandblad *'s Gravenhage* (jg. 21, nr. 3), terwyl in die Mei-uitgawe van *Ons Amsterdam* (1966) die beroemde biblioteek en onderwysinrigting *Ets Haim* van die Portugees-Joodse gemeente, wat 350 jaar oud is en oor seldsame werke beskik, deur F. J. Dubiez beskryf is. In die Apriluitgawe van dieselfde tydskrif, het dr. L. Jansen 'n bydrae oor die reeds genoemde Abraham van der Hart gepubliseer. Die dertiende uitgawe van *Circuit* bevat o.m. 'n lesenswaardige bydrae oor die verlede en die hede van die stad Utrecht en 'n artikel oor die Nederlandse universiteite. In 1953 was die totale aantal ingeskrewe studente in Nederland ruim 27,000, in 1965 meer as 60,000.

Soos gewoonlik word die driemaandelikse kulturele tydskrif *Ons Erfdeel* tans ook weer deur 'n puik inhoud en 'n groot verskeidenheid van aantreklike en hoogstaande artikels gekenmerk. In die Junie-uitgawe (1966) het ons o.m. die volgende artikels aangetref: Olga Krijtova (Praag) — Iets oor die Nederlandse boek in Tsjeggo-Slowakye; L. Verbeke — Taalstryd en Vlaamse Beweging in Frans-Vlaandere; J. Wood (Pretoria) — Die Suid-Afrikaanse Filminstituut en die Anglo-Boere-oorlog (rolprente oor President Kruger); F. Pittery — Dowaai (stad in Frans-Vlaandere).

Ten slotte vestig ons die aandag op G. R. Ratsch se belangrike historiese bydrae oor die stad Bad Mergentheim, die stad van die Duitse Orde, wat in nr. 4, jaargang 1965 van die *Deutschland Revue* verskyn het. Al die artikels in hierdie tydskrif is in drie tale (Duits, Engels, Frans) opgestel.

*Nederland 1940/1945* is die titel van 'n tweetal langspeelplate van 'n klankbeeld oor die Nederlandse besettingstyd soos saamgestel deur drs. R. L. Schuursma. Daar is gebruik gemaak van outentieke geluidsopnames wat aan die geluidsargief van die Utrechtse Ryksuniversiteit ontleen is. 'n Bekende Nederlandse vervaardiger van plate is bereid gevind om die vervaardiging te behartig. Van die *Kroniek van Afrika*, 'n publikasie wat deur die *Afrika-Studiecentrum*, Leiden, Nederland, versorg word, het jg. 6, nr. 2 verskyn. Na 'n chronologiese oorsig oor die jongste gebeure in ons wêrelddeel — o.m. is die staatsgreep in Ghana uitvoerig toegelig en die gevolge van die staatsgreep van 15 Januarie beskryf — kom Rhodesië en die Republiek van Suid-Afrika aan die beurt. Met betrekking tot ons noordelike buurstaat is o.m. die gebeure rondom die „Johanna V" bespreek en word in 'n afsonderlike artikel die vraag gestel waar die middeweg met betrekking tot die Brits-Rhodesiese geskil lê. Ons eie land se jongste gebeure sluit o.m. die uitslag van die verkiesing van 30 Maart, die verbod aangaande die „Defence and Aid Fund" en die Fischersaak in. Onder die bydraes word die aandag gevestig op I. Schapera se lesing *Tswana Chiefs as innovators.* Hierdie artikel eindig met die volgende opmerking: "What Robert Moffat said nearly 150 years ago about missionary work is something with which Tswana chiefs have long been familiar: the great essential in dealing with these people is patience. That is a lesson which the Administration has also had to learn in trying to implement plans of social and economic development; these things take time, and cannot be achieved by a stroke of the pen, or, with all due difference to Mr. Motsete, by a simple announcement in kgotla."

Dr. J. Ploeger.